# Eenheid 2 Eienskappe van goeie leiers

**SLEUTELVRAAG**

Wat maak van iemand 'n goeie leier?

Dink aan die leiers wat jy ken en van wie jy sover in hierdie module geleer het. Watter eienskappe het hulle in gemeen?

## Aktiwiteit (G)

1. Kyk na die woorde in die raam hieronder.
   a) Praat as 'n groep oor die woorde. Maak seker jy weet wat elke woord beteken.
   b) Besluit watter woorde volgens jou mening goeie leiers beskryf. Maak 'n lys daarvan in jou werkboek.
   c) Voeg enige ander gepaste woorde waaraan jy kan dink by jou lys.

| | | |
|---|---|---|
| nederig | toegewyd | arrogant |
| eerlik | dapper | lui |
| gaaf | selfsugtig | openhartig |
| kreatief | regverdig | aggressief |
| selfversekerd | sin vir humor | tirannies |
| moedig | goeie luisteraar | onseker |
| skaam | onvriendelik | oortuigend |
| dink aan ander | selfsugtig | spanspeler |
| ongemotiveerd | | |

2. Sluit by 'n ander groep aan. Bespreek en vergelyk julle lyste.

